# St. Katerina dé Ricci

## 13 Februarie



© Die Oratorium Uitgewery

(1522-1590)

Hierdie gebore Florentyn was lid van 'n vooraanstaande familie en sluit op die ouderdom van twaalf jaar by die Derde Orde van St. Dominicus aan. Sy word later novietmeesteres en op 30-jarige leeftyd is sy tot lewenslange priores verkies. Vanaf 1542 het sy 'n reeks merkwaardige visioene beleef, waarvan een oor die heilige Filip Neri (wat toe nog geleef het) gehandel het. Sy ontvang ook die stigmata van Christus. Sy was 'n vrou wat baie ure in gebed deurgebring het en 'n groot voorliefde vir die armes en siekes gehad het. Baie mense, insluitende drie toekomstige pouse, het haar om raad en voorbidding kom vra.